



LAERSKOOL SONOP : TOELATINGSBELEID

Die reg op toegang tot basiese onderwys en onderwys-inrigtings is in die Grondwet vasgelê en in die Onderwys-wetsontwerp aanvaar.

Die skool sal toeganklik wees vir alle leerders wat voldoen aan die onderstaande riglyne:

- * Deur hulle kinders by die skool in te skryf, aanvaar die ouers of wettige voogde die visie, missie en waardes soos vervat in die etos van die skool.
- * Waar die huistaal van die aansoeker nie Afrikaans is nie, moet die aansoeker Afrikaans voldoende magtig wees om daarin onderrig te word, aangesien Afrikaans die skool se taal van onderrig en leer is.
- * Die ouderdom van die aansoeker moet in ooreenstemming wees met dié van ander leerders in die betrokke graad.
- * Die akademiese rekord van die aansoeker, waar van toepassing, moet sodanig wees dat hy / sy in staat sal wees om by die skool te vorder.
- * In die geval van 'n aansoek om tot graad R toegelaat te word, moet die aansoeker in die betrokke jaar die ouderdom van vyf/ses jaar bereik soos bepaal in die Onderwyswetsontwerp.
- * In die geval van 'n aansoek om tot graad 1 toegelaat te word, moet die aansoeker in die betrokke jaar die ouderdom van sewe jaar bereik soos bepaal in die Onderwyswetsontwerp.
- * Wanneer die geriewe van die skool maksimaal benut is, sal voorkeur gegee word aan:
 - aansoekers uit die geografiese omgewing van die skool,
 - asook die kinders van oud Laerskool Sonop-leerders.
- * Die ouers of wettige voogde moet onderneem om:
 - die skool se reëls, dissipline en bestuursreëlings te aanvaar en na te kom en;
 - indien moontlik, dat hierdie leerder van die eerste dag af in die skool se skooldrag geklee sal wees.
- * Inskrywings sal alleenlik geskied nadat die ouers of wettige voogde van die nuwe aansoekers:
 - die skool se toelatingsbeleid aanvaar en onderteken het,
 - die toestemmings-/ vrywaringsvorm, selfoonbeleid asook die leerders se gedragskode aanvaar en onderteken het,
 - 'n vorderingsverslag van die vorige skool tesame met die oorplasingvorm van hierdie leerder ingedien het,
 - die identiteitedokument / geboortesertifikaat van hierdie leerder getoon het,
 - 'n afskrif van hierdie leerder se kliniekkartaat ingehandig het,
 - **'n verpligte inskrywingsgeld van R860 (Graad 1 – 7 + LSEN-klasse) op die jaarlikse skoolgeld betaal het,**
 - **'n registrasiefooi vir Graad R- en Graad RR-leerders van R860 betaal het.**
- * Dit staan die toelatingskomitee vry om:
 - by die nuwe aansoeker se vorige skool navraag te doen ten opsigte van skoolwerk, dissipline, gedrag, ens.
 - onderhoude te gevoer met die ouers of wettige voogde van hierdie nuwe aansoekers.
- * Nadat bogenoemde afgehandel is, sal die toelatingskomitee vergader en u as die ouers of wettige voogde van hierdie nuwe aansoekers sal in kennis gestel word van die besluit.